

MidCity UTILITIES

# RISIKODEPOSITODEKKING

*Wat jy moet weet*

**FAQ:** Geregistreerde Nutsdienste Verskaffers (Utilities Service Providers) word onderskryf deur die toepaslike munisipale bylaes vir die implementering, hersiening en verantwoording van risiko deposito vereistes.

## *Waarom Deposito*

### Waarom die noodsaaklikheid / Vereiste vir 'n risiko deposito?

- **Industrie norm** asook munisipale vereiste.
- **Deposito's word versoek** op produkbestellings, huur van eiendom, lewering van sekere dienste en ander.
- Konvensionele nutsdienste (utilities) rekeninge is geskiedkundig van aard, en word aan die kliënt gelewer **vier tot ses weke** nadat die diens alreeds gebruik of gelewer is.
- **Risiko deposito's verskans die kliënt en die dienste verskaffer**, van enige risiko of verantwoordelikheid teenoor die finale rekening wat uitgereik word wanneer 'n kliënt 'n perseel ontruim.
- Risiko deposito vereistes kan verskil van munisipaliteit tot munisipaliteit, en word **jaarliks hersien.**

## *Hoeveel*

### Die basiese beginsels van risiko deposito vereistes, vir 'n residensiële eenheid in die tshwane munisipaliteit gebied, soos per die munisipale bylaes is as volg:

- Die **minimum risiko deposito** wat gehef word vir 'n residensiële eenheid op konvensionele krag en water is R1 893.22.
- Die minimum bedrag is saamgestel uit 'n **elektriese deposito** van R1 245.22 plus 'n **water deposito** van R648.00.
- Dit is die voorgeskrewe minimum risiko deposito vir **enige nuwe of tydelike aansluiting.**
- Na afloop van 'n voltooide drie maande periode, word die **risiko deposito aangepas** om gelykstaande te wees aan twee keer die gemiddelde maandelikse rekening op konvensionele elektrisiteit en water / sanitasie.
- Geen elektrisiteit risiko deposito is betaalbaar indien die kliënt op **voorafbetaalde krag** (prepaid) is nie.

## *Berekeninge*

### Hoe word die risiko deposito aanpassings en vereistes deur midcity utilities bereken?

- **Munisipale Bylae word as riglyn gebruik** en toegepas.
- Vir nuwe kliënte word die **minimum deposito's** gehef per voorskrif.
- Na afloop van drie maande fakturering periode, word die risiko deposito **hersien** en aangepas indien nodig.
- Die risiko deposito **moet gelykstaande** wees aan ten minste twee keer die gemiddelde maandelikse rekening op konvensionele water / sanitasie.
- Op kliënte wat **langer as ses maande** by MidCity Utilities is, word die geskiedkundige verbruiksinligting van die betrokke rekeninghouer gebruik asook die verhoogde tariewe, ten einde te bereken wat die risiko deposito moet wees.
- Die nuwe berekende risiko deposito word gemeet teen die huidige risiko deposito gehou en die verskil word dan as **aanpassing** aan die kliënt gefaktureer.

**Ongelukkig is die jaarlikse evaluasie en aanpassing van risiko deposito's 'n ongemaklikheid.**

**Die aanpassings word genoodsaak (indien nodig), weens onder andere die jaarlikse munisipale tarief verhogings wat vanaf 1 Julie in werking tree.**

## *Verlaag*

### Hoe kan die risiko deposito vereiste verlaag word?

- Versoek (in skrif / per epos) vir 'n **afbetalings reëling** oor 'n drie tot ses maande periode.
- Voltooi 'n **debietorder magtiging** – die risiko deposito vereiste is dan vir slegs een maand se waarde en nie twee nie.
- Indien op konvensionele elektrisiteit, **skakel oor na voorafbetaalde krag**.
- Na afloop van die oorskakeling na voorafbetaalde krag, versoek dat die risiko deposito **vereistes hersien** moet word.
- **Verminder die maandelikse verbruik** van u nutsdienste op konvensionele krag en water
- Indien kliënt van mening is dat hul maandelikse water **verbruik** te hoog is, ondersoek vir enige lekkasies en herstel dit spoedig.
- 'n **Verlaging** in die risiko deposito vereiste, deur enige van die stappe hierbo te neem, kan aangewend word teen u lopende rekening of terugbetaal word.

## *Aanwend*

### Kan my risiko deposito aangewend word teen my huidige rekening?

- Indien 'n kliënt nie die perseel gaan ontruim nie, kan die risiko deposito **nie aangewend word** vir die lopende rekening nie.
- Alle MidCity Utilities rekeninge is betaalbaar op of voor die **4de van elke maand.**
- Nadat maandelikse state uitgereik word op, of rondom die 22 van elke maand, word daar **SMS boodskappe** uitgestuur.
- **Herinneringe** rondom betaalbare rekeninge word by maandeinde weer per 'n SMS boodskap uitgestuur.
- Kliënte wie se rekeninge nie **teen die 5de** betaal is nie, ontvang nog 'n finale SMS boodskap voordat daar verdere aksie of krediet kontrole en koste toegepas word.

## *Terugbetaling*

### Is die risiko deposito terugbetaalbaar?

- **Ja, dit is.**
- 'n Kliënt wat 'n perseel ontruim, moet die nodige vorm voltooi (Discontinuation of Services) en **ondersteunende dokumentasie** stuur.
- Die risiko deposito sal op die finale rekening **oorgedra word** na die kliënt se lopende rekening.
- **Enige krediet sal aan die kliënt uitbetaal word binne 21 dae.**
- 'n Oorblywende debietbedrag op die rekening sal deur die kliënt **betaal moet word.**

**Extract from the Municipal Bylaws:**
https://www.tshwane.gov.za/?page_id=6924

## DEPOSITS

The minimum amount to be deposited by a consumer with the City of Tshwane in respect of electricity consumption in terms of its Electricity By-law and Regulations will include a water deposit in cases where a water deposit is also payable.

For single-phase residential consumers, The amount comprises an electricity deposit of R1 245.22 plus a water deposit of R648.00.

For all other consumers, the deposit will be calculated on the estimated consumption for two months.

The deposit stated in Item 10.1 above will initially be used for any new connection, including a connection for temporary occupation. Once the three-month registered consumption figures are available, the deposit will be adjusted to twice the value of the average monthly electricity and water consumption.

Where any deposit amounts to more than R35 813,42 the Chief Financial Officer may, at his/her own discretion, accept an approved guarantee for the deposit amount.

The status quo with regard to existing deposits will be maintained and deposits will only be recalculated if the electricity supply has to be disconnected due to non-payment. If such recalculations should take place, it will be done in accordance with Items 10.1 to 10.3 above.

No deposits for electrical power consumption are payable by consumers who are supplied by prepaid metering.

Kontak ons, en vergemaklik jou lewe vandag...
THE SAVVY WAY

+27 (12) 426 3400
customercare@mcu.energy
midcityutilities.co.za

**Nood Nommers:**
071 687 0113 / 082 404 8954.